DIE KERK KOM HUISTOE!
Wolfgang Simpson

"…en aan die *gemeente* wat *in jou huis* is…" Filémon 2b

God is tans besig om die kerk, dit is die formaat van gemeente, te verander en dit sal op sy beurt die wêreld verander. Miljoene Christene dwarsoor die wêreld is bewus van 'n hervorming van wêreldafmetings wat binnekort gaan begin. Hulle sê iets soos: "Die gemeente soos ons dit ken, verhinder kerk om te wees wat God wil hê." 'n Steeds groeiende getal is besig om te hoor dat God dieselfde dinge aan hulle persoonlik sê. Daar is 'n gesamentlike bewustheid van eeue-oue openbarings, van 'n korporatiewe geestelike weerklank. In die volgende "15 stellings" gaan ek 'n deel hiervan probeer opsom. Ek is oortuig dat dit 'n deel is van wat die Gees van God vandag aan die gemeente bekendmaak. Vir sommige mag dit die spreekwoordelike wolkie so groot soos 'n man se vuis op Elia se horison wees, terwyl ander alreeds die stortreën belewe.

1. Gemeentewees is 'n lewenswyse, nie 'n reeks godsdienstige byeenkomste nie

Voordat Christus se volgelinge vir die eerste keer "Christene" genoem is, was hulle bekend as "Die Weg". Een van die redes hiervoor was dat hulle inderdaad "die weg tot die lewe" ontdek het. Die aard van die gemeente word nie vertoon deur 'n konstante reeks godsdienstige vergaderings wat gelei word deur professionele geestelikes in heilige vertrekke wat spesiaal afgesonder is vir 'n ervaring met Jesus nie. Veel eerder word dit gesien in die profetiese wyse waarop die volgelinge van Jesus hul alledaagse lewens uitleef in uitgebreide gesinne as 'n duidelike antwoord op die vrae waarmee die samelewing worstel, en dit juis doen op die plek waar dit die nodigste is - binne-in hulle huise.

2. Dis tyd om die sisteem te verander

In 'n poging om die godsdienstige stelsel te laat aanpas by die godsdienstige gebruike van daardie tyd, wat sekerlik ook heidense godsdienstige gebruike ingesluit het, het die historiese Ortodokse Kerk na Konstantyn in die vierde eeu na Christus 'n sisteem aanvaar wat in sy wese Ou Testamenties was, met priesters, 'n altaar, 'n Christelike tempel (die Katedraal), wierook en 'n Joodse sinagoge-agtige aanbiddingspatroon. Die Rooms Katolieke Kerk het voorts hierdie stelsel tot kanon-status verhef, d.w.s dit heilig verklaar. Luther het wel die inhoud van die evangelie hervorm, maar het die uiterlike vorms van "gemeentewees" glad nie aangeraak nie. Die Vrye Kerke het die stelsel van die Staat vrygemaak, die Baptiste het dit gedoop, die Kwakers het dit droogskoongemaak, die Heilsleër het dit 'n uniform aangetrek, die Pinkstermense het dit gesalf, en die Charismatici het dit vernuwe, maar tot op die huidige het niemand die bobou enigsins verander nie. Die tyd daarvoor het nou aangebreek.

3. Die Derde Hervorming

Toe Luther die evangelie van redding slegs deur geloof en genade herontdek het, het hy begin om die gemeente te hervorm deur 'n hervorming van die teologie. In die 18de eeu, o.a. deur bewegings soos die Morawiërs, was daar 'n nuwe ontdekking van intimiteit met God wat gelei het na 'n hervorming van geestelikheid, die Tweede Hervorming. Maar nou raak God aan die wynsakke self, en daardeur inisieer Hy die Derde Hervorming, 'n hervorming in die struktuur van die gemeente.

4. Van kerkgeboue tot huiskerke

Sedert Nuwe Testamentiese tye het daar nie meer so iets bestaan soos die "huis van die Here" nie. Ten koste van sy eie lewe het Stefanus gesê dat God nie in tempels woon wat met mensehande opgerig word nie. Die kerk is die *mense* van God. Daarom was en is die kerk tuis waar mense tuis is: in gewone woonhuise.

Daar sal die mense van God

- Hulle lewens in die krag van die Heilige Gees deel.
- Vergader (Engels "have meatings") en eet tydens die vergadering.
- Dikwels nie eers huiwer om hul privaat eiendom te verkoop en materiële en geestelike seëninge met mekaar te deel nie.
- Mekaar in natuurlike lewensituasies leer om God se woord te gehoorsaam, deur dialoog - nie deur 'n professorale lesing nie.
- Saam bid en profeteer, doop, hul status en hul ego verloor deur hul sonde te bely.
- 'n Nuwe korporatiewe identiteit herwin deur die ervaring van liefde, aanvaarding en vergifnis.

5. Die gemeente moet klein word ten einde groot te kan word

Die meeste gemeentes van vandag is veels te groot om waarlik intieme fellowship te kan verseker. Te dikwels het hulle geword wat die Engelse noem "fellowships without fellowship". Die Nuwe Testamentiese gemeente het bestaan uit 'n groot hoeveelheid klein groepies van tussen 10 en 15 mense. Dit het nie boontoe gegroei en groot gemeentes geword wat 'n hele katedraal kon vul nie en onderlinge kommunikasie 'n hoogs onwaarskynlikheid gemaak het nie. Veel eerder het dit sywaarts gegroei, soos organiese selle, sodra die getal 15 tot 20 mense bereik het. Dan, as dit moontlik was, het al die gelowiges van die stad bymekaargekom vir 'n feesdiens soos in die pilaargang van Salomo in Jerusalem. Die tradisionele gemeente soos ons dit vandag ken, is, statisties gesproke, nòg groot, nòg mooi, maar eerder 'n mislukte kompromis, 'n huiskerk wat te groot geword het, en in feesdiens wat te klein is en sodoende die dinamiek van beide die huisgemeente en die feesdiens misloop.

6. Geen gemeente word deur 'n pastor alleen gelei nie

Die plaaslike gemeente word nie deur 'n pastor gelei nie, maar het ouderlinge as vaders. Hierdie ouderlinge is plaaslike persone met besondere wysheid en realiteit. Die plaaslike huisgemeentes vorm 'n netwerk bestaande uit 'n kombinasie van ouderlinge en lede van die vyfvoudige bediening (apostels, profete, pastors, evangeliste en leraars) wat van huis

tot huis sirkuleer. Sodoende is daar ‘n fundamentele rol wat deur die apostoliese en profetiese bedieninge gespeel word (Ef 2:20; 4:11,12). ‘n Pastor (‘n herder) is ‘n baie noodsaaklike lid van die hele span, maar dit is vir hom totaal onmoontlik om meer as net ‘n spesifieke deel van die totale taak - die toerusting van die gelowiges vir hulle dienswerk - te vervul. Dit behoort aangevul te word deur die ander 4 bedieninge ten einde behoorlik te kan funksioneer.

7. Die regte stukke - maar verkeerd aanmekaar gesit

As ‘n mens ‘n legkaart bou, moet jy die oorspronklike prentjie van die stukke hê. Indien dit nie die geval is nie, is die finale produk nie ‘n getroue weergawe van die oorspronklike nie. En dan maak die onderskeie stukkies van die legkaart nie werklik sin nie. Hierdie ongelukkige gebeure is waar van ‘n groot deel van die Christelike wêreld: Ons het al die regte stukke, maar ons het hulle totaal verkeerd in die legkaart ingebou. Vrees, tradisie, godsdienstige jaloesie en ‘n mentaliteit van mag en beheer is die grootste oorsaak hiervan. Water kom in drie fases voor: ys, vloeibare water en stoom. Insgelyks vind ons vandag ook die vyf bedienings waarvan Paulus in Ef 4:11-12 praat, naamlik apostels, profete, pastors, evangeliste en leraars, maar ongelukkig nie altyd in die regte “fase” of op die regte plekke nie; dikwels het hulle gevries en ys gevorm in die rigiede stelsel van geïnstitusionaliseerde Christendom; soms bestaan hulle wel as helder water maar daar is ook die tye wanneer hulle soos stoom verdwyn in die lug van los bedienings en eiesinnige bedienings wat aan niemand verantwoording verskuldig is nie. Almal weet dat blomme die beste besproei word deur water in ‘n vloeibare vorm en daarom sal hierdie vyf toerustingsbedienings terug verander moet word in nuwe, maar terselfdertyd ook eeue-oue vorms of fases sodat die hele geestelike organisme kan floreer en gedy en dat die individuele “bedienaars” hul regte rol en plek in die geheel kan ontdek en vul. Dit is ‘n verdere rede waarom ons moet terugkeer na die Skepper se oorspronklike bloudruk vir die gemeente.

8. God sal nie die gemeente uitlewer aan burokratiese geestelikes nie

Daar is geen bekende beeld van die Nuwe Testamentiese gemeente waar een professionele “heilige man” aan die hoof gestaan het en alleen met God gekommunikeer het en daarna sy klompie relatief passiewe “godsdienstige verbruikers” op die Moses-manier van geestelike kos voorsien het nie. Hierdie gebruik, in soverre as wat dit in die gemeente beoefen word, is iets wat van heidense godsdienste oorgeneem is, of miskien van die Ou Testament. Die oordonderende professionalisering van die gemeente sedert die tyd van Konstantyn waardeur die gemeentelede kunsmatig in twee groepe verdeel is, naamlik geestelikes en leke, het nou lank genoeg botgevier. Volgens die Nuwe Testament (1 Tim 2:5) is daar “een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus ...” God wil nie hê dat geestelike professioneles alewig tussen God en die mense moet kom staan nie, en gevolglik kan Hy ook nie sulke pogings seën nie. Nee, die gordyn in die tempel is geskeur en God wil hê dat mense direk na Hom moet kan kom deur Jesus Christus, die enigste Weg. Ons moet onthou dat in die Ou Testament daar altyd ‘n tussenganger tussen God en die volk was. Hierdie tussenganger was veronderstel om by God te hoor en dan God se boodskap aan die volk oor te dra. Moses en al die

profete is goeie voorbeelde van sulke tussengangers en daarom is hulle ook spesiaal met die Heilige Gees gesalf. Maar in die Nuwe Testament, met Pinkster, stort God sy Heilige Gees op alle gelowiges uit en verval die noodsaaklikheid van 'n tussenganger wat by God moet hoor. Om die priesterskap van elke individuele gelowige moontlik te maak, sal die huidige stelsel totaal moet verander. Van alle administratiewe stelsels is burokrasie die mees twyfelagtige, want basies soek dit slegs twee antwoorde: ja of nee. Dit laat geen plek vir spontaneïteit, menslikheid of ware lewe nie. Terwyl dit vir die politiek en die handelswêreld aanvaarbaar mag wees, is dit beslis nie die geval met die gemeente nie. Dit lyk asof God besig is om sy gemeente te verlos uit die Babiloniese slawerny van die geestelike burokrate en die beherende geeste en dit terug te bring na die openbare besit, naamlik die hande van gewone mense wat deur God self buitengewoon gemaak word.

9. Beweeg van georganiseerde na organiese vorms van Christendom

Die "Liggaam van Christus" is 'n baie mooi beskrywing van 'n organiese wese - beslis nie 'n georganiseerde wese nie. Die gemeente op plaaslike vlak bestaan uit 'n groot versameling geestelike gesinne wat organies aan mekaar verbind is in 'n netwerk en waar die wyse waarop die verskillende individuele stukke saam funksioneer, 'n integrale deel van die boodskap van die geheel uitmaak. Wat tans 'n maksimum organisasie geword het met 'n minimum organisme, moet verander in 'n minimum van organisasie om plek te maak vir 'n maksimum organisme. Te veel organisasie het dikwels die organisme verstik uit vrees dat iets verkeerd mag gaan. Vrees en geloof is teenoorgesteldes. Daarom is vrees nou nie juis 'n Christelike deug nie. Vrees wil beheer uitoefen terwyl geloof 'n mens met vertroue vul. Beheer mag in sommige omstandighede selfs as goed beskou word. Maar vertroue is altyd beter. Die Liggaam van Christus is deur God toevertrou in die hande van mense wat 'n diensknegmentaliteit het en wat 'n bonatuurlike charismatiese gawe ontvang het om God te glo dat Hy steeds in beheer is, selfs al is hulle self lankal nie meer nie. Wat nodig is vir die herverskyning van organiese vorms van die Christendom is 'n versameling vertroue-verwante streeks- en landsnetwerke en nie 'n nuwe indeling van politieke samewerking van al die Christelike gemeentes nie.

10. Staak die verering van ons aanbidding en begin om God te vereer

Die beeld van 'n groot deel van die hedendaagse Christendom kan ietwat eufemisties as volg opgesom word: heilige mense wat gereeld op 'n heilige plek byeenkom op 'n heilige dag en op 'n heilige tyd om deel te neem aan 'n heilige ritueel wat gelei word deur 'n heilige man geklee in heilige klere teen betaling van 'n heilige bedrag geld. Aangesien hierdie gereelde prestasie-georiënteerde onderneming wat as 'n "erediens" of "aanbiddingsdiens" bekend staan, nogal heelwat organisasietalent en administratiewe burokrasie nodig het om aan die lewe te bly, het gewettigde en geïnstitusionaliseerde patrone baie vinnig tot vaste tradisies ontwikkel. In sommige denominasies is 'n vaste liturgiese orde uitgewerk en is die persoon wat die diens lei, nie die vryheid toegelaat om enigsins daarvan af te wyk nie. In sommige gevalle is selfs die gebede wat in die diens gebid moet word op skrif gestel. Hierdie dinge is wel tot hulp vir die liturg, maar dit lei tot 'n baie stereotipe diens. 'n Tradisionele aanbiddingsdiens van een tot twee uur lank vereis baie hulpmiddels, maar is tog baie arm gesien in terme van die vrug wat dit

oplewer, naamlik die dissiplinering van mense wat aanleiding gee tot veranderde lewens. Ekonomies gesien, mag dit beskou word as ‘n struktuur waarin veel ingesit word net om min uit te kry. Tradisioneel gesproke, het die begeerte om “op die regte manier te aanbid” gelei tot denominasionalisme, konfessionalisme en nominalisme. Dit hou nie rekening met die feit dat gelowiges geroepe is om in gees en in waarheid te aanbid en nie in geboue met gesangeboeke in hulle hande nie. Dit hou eweneens ook nie rekening met die feit dat die lewe grotendeels informeel is nie en dat dit dus ook moet geld vir die Christendom as die “weg tot die lewe” nie. Is dit dalk vir ons nodig om op te hou om “kragtige akteurs” te wees en te begin om “kragtig op te tree”?

11. Moenie mense na die gemeente bring nie, bring liewer die gemeente na die mense

Die gemeente is besig om te verander van ‘n “kom-struktuur” na ‘n “gaan-struktuur”. Een gevolg hiervan is sekerlik dat ons moet ophou om te probeer om mense “in die gemeente” in te bring en liewers te begin om die gemeente na die mense te neem. Die doel en missie van die gemeente sal nooit bereik kan word as ons slegs toevoeg tot die bestaande struktuur nie. Dit sal slegs bereik kan word as die gemeente soos ‘n paddastoel kan opskiet deur ‘n proses van spontane duplisering daarvan in gebiede van die wêreld waar die persoon van Jesus Christus totaal onbekend is.

12. Herontdek dat die “Heilige Nagmaal” eintlik ‘n regte maaltyd met regte kos is

Tradisie het dit reggekry dat die gemeente die “nagmaal vier” op ‘n diep godsdienstige wyse asook homeopaties - dws met geneesmiddels vir ‘n siekte wat by enige gesonde mens juis daardie siekte sal teweegbring - en boonop geskied hierdie “viering” met ‘n paar druppeltjies wyn, ‘n smaaklose stukkie brood en ‘n lang, treurige gesig! Maar die oorspronklike “Nagmaal” was veel meer van ‘n ete met substansie en ‘n simboliese betekenis as ‘n simboliese ete met ‘n sunstantiewe betekenis! God is genadiglik besig om maaltye terug te plaas in ons gemeentelike byeenkomste.

13. Van denominasies na feesdienste vir die hele dorp of stad

Jesus het ‘n wêreldwye beweging in gedagte gehad, maar wat in werklikheid gebeur het, is dat ‘n hele reeks godsdienstige maatskappye ontstaan het, elk met wêreldwye kontakte waardeur elkeen sy eie unieke “brand” van Christendom bemark het en daarin teen mekaar gewedywer het. Hierdie versnippering van die Christendom het daartoe gelei dat Protestantisme grootliks polities onbeduidend geword het en dikwels meer begaan was met tradisionele besonderhede en godsdienstige binnegevegte as om ‘n gesamentlike getuienis teenoor die wêreld te ontwikkel. Jesus het nooit die mense gevra om hulle in verskillende denominasies te organiseer nie. Die vroeë Christelike gemeentes is daardeur gekenmerk dat die gelowiges ‘n tweeledige identiteit gehad het. Hulle was in der waarheid God se gemeente en vertikaal tot God bekeer en het hulle ook geografies georganiseer, met ander woorde hulle het hulle ook horisontaal tot elk ander op aarde bekeer. Dit het beteken dat jou gelowige bure hulle nie slegs georganiseer het in buurt- of huisgemeentes nie, waar hulle hul lewens plaaslik met mekaar gedeel het nie, maar ook dat gelowiges byeengekom het as ‘n kollektiewe identiteit, so dikwels as wat dit

moontlik was, vir stads- of streeksfeesdienste waardeur die korporatiwiteit van die gemeente van daardie stad of streek uitdrukking gevind het. Geloofwaardigheid in daardie buurte wat verbind is met ‘n streeks- of stadskorporatiewe identiteit sal nie slegs daartoe bydra dat die gemeente weer polities beduidend en geestelik oortuigend word nie, maar sal ook lei tot ‘n terugkeer tot die Bybelse model van die gemeente van die stad as geheel.

14. Ontwikkel ‘n vervolgingsbestande gees

Jesus, die “Grootbaas” van al die Christene, het aan ‘n kruis gesterf. Maar sy hedendaagse volgelinge is baie meer behep met titels, medaljes en sosiale respektabelheid en soms - die ergste van alles - bly hulle doodstil en is hulle nie die moeite werd om eers gesien te word nie. Maar Jesus het gesê: “Welgeluksalig is julle as julle vervolg word.” Bybelse Christendom is ‘n groot bedreiging vir heidense goddeloosheid en sondigheid, vir ‘n wêreld wat deur hebsug ingesluk is, vir materialisme, jaloesie en vir die demoniese standaarde vir etiek, seks, geld en mag. Vandag se Christendom in talle lande is te skadeloos en te “beleefd” om enigsins vervolging uit te lok. Maar as die Christengelowiges maar net weer die Nuwe Testamentiese standaarde vir die lewe sal begin uitleef deur byvoorbeeld sonde sonde te noem, dan sal die natuurlike reaksie van die wêreld òf bekering òf vervolging wees. Dit was altyd so, is so en sal altyd so wees. In plaas daarvan dat gelowiges rustig in hul gemaksone van godsdienstige vryheid verkeer, sal hulle hul daarop moet voorberei om gebrandmerk te word as die vernaamste teenstanders van wêreldwye humanisme, die moderne slawerny van om te moet plesier hê en die onverbloemde aanbidding van die Self - die verkeerde sentrum van die heelal! Dit is waarom gelowiges die “onderdrukkende verdraagsaamheid” sal en moet aanvoel van ‘n wêreld wat totaal gestroop is van alle absolute waardes en gevolglik weier om sy Skepper God met sy absolute standaarde te erken of na te volg. Ideologisering, privatisering en vergeesteliking van die politiek en die ekonomie wat besig is om al vinniger opgang te maak, gaan vir die gelowiges ‘n groot verrassing bring: baie gouer as wat die meeste van hulle dink, gaan hulle die geleentheid kry om in die beskuldigdebank saam met Jesus te staan. Hulle moet nou reeds vir die toekoms voorberei deur ‘n vervolgingsbestande gees te ontwikkel, en ‘n selfs meer vervolgingsbestande struktuur.

15. Die gemeente kom huistoe

Waar is dit die maklikste vir ‘n mens om geestelik te wees? Miskien is dit waar jy wegkruip agter ‘n groot preekstoel, geklee in jou heilige gewaad, terwyl jy heilige woorde preek tot ‘n gesiglose klomp mense om onmiddellik daarna in jou kantoor te verdwyn. En waar sal dit dan die moeilikste en daarom ook mees sinvol wees vir iemand om geestelik te wees? By sy huis, in die teenwoordigheid van sy vrou en kinders waar alles wat hy doen en sê outomaties aan ‘n toets onderwerp word, ‘n toets vir realiteit en waar alle skynheiligheid gou en effektief uitgeroei sal word en geloofwaardigheid sterker na vore kan kom. Talle aspekte van die Christendom het die huis verlaat, miskien juis omdat die huis en die gesin die plek was waar die geestelike neerlaag gely is. En toe het dit kunsmatige optredes georganiseer in heilige geboue, ver verwyder van die ware lewe. Maar God is besig om die belangrikheid van die huis te herstel en daarom kom die

gemeente terug na sy wortels, na die plek van waar hy oorspronklik gekom het. Die gemeente kom letterlik terug huistoe, dit kom tuis en so voltooi dit die sirkel van kerkgeskiedenis hier aan die einde van die wêreldgeskiedenis.

Soos gelowiges uit alle nasies, denominasies en agtergronde die duidelike weerklank in hulle gees hoor van wat God se Gees besig is om vir die gemeente te sê en begin om globaal te hoor sodat hulle plaaslik kan optree, so sal hulle weer begin om soos een liggaam te funksioneer. Hulle sluit aan by huisgemeentes in hulle woonbuurt en neem deel aan streeks- of stadsfeesdienste. Jy word hartlik uitgenooi om deel van hierdie nuwe beweging te word en jou eie bydrae te lewer. Wie weet, dalk is jou huis bestem om ‘n huis te word wat die wêreld gaan verander!

HIERDIE IS ‘N VERTAALDE KORTBEGRIP VAN ‘N GEDEELTE UIT DIE BOEK *HOUSES THAT CHANGED THE WORLD* DEUR WOLFGANG SIMPSON, WAT GRATIS VAN DIE INTERNET AFGELAAI KAN WORD.

DIE JC-GROEP IS BEREID OM ENIGE PERSOON OF GROEP TE HELP OM ‘N HUISGEMEENTE TE BEGIN. SKAKEL TOM GOUWS BY 0829040092 OM TE HOOR HOE ONS KAN HELP.